MFEZEKO GUMADA

Xa Si Hle Li Yo

Metleer en lint MAAK HY KUNS

Dit is danksy harde werk, entrepreneurskap en deursettingsvermoë dat die multidissiplinêre kunstenaar Mfezeko Gumada die aandag trek met sy eiesoortige kunswerke ...

Mfezeko Gumada (30) was so ses jaar oud toe hy die eerste keer geleer het om 'n naald vas te hou. Dit was aan die voete van sy ma, Nomalizo Portia Gumada, in die dorpie Flagstaff in die Oos-Kaap. Daar was nie baie geld nie en Nomalizo het nie net tweedehandse klere herstel nie, maar dit ook nuwe lewe gegee. "Sy was baie goed," sê Mfezeko. "Sy het van die klere heeltemal omgeskep."

Nooit sou hy toe kon dink watter deure dit vir hom sou oopmaak nie; veral die deur na die kunswêreld, waar hy begin naam maak as teken-, druk- en installasie-kunstenaar.

Die ure wat hy deurgebring het om met naald en gare te werk, met sy ma as leermeester wat oor sy skouer kan loer en reghelp, lewer nou dividende.

Speel met die boks

As multidissiplinêre kunstenaar werk Mfezeko met 'n verskeidenheid materiale, insluitende leer, valsleer (*pleather*, oftewel *plastic leather*) en allerlei soorte gare en lint. Hy skep ook kunswerke op stukkies karton wat hy noukeurig aan mekaar vaswerk.

Ook dit kom van sy kinderdae – hoe om iets eenvoudigs soos karton om te tower. Sy pa, Monde Nelville Gumada, sou Kerstye inkopies gaan doen in Kokstad en met bokse vol speelgoed teruggekom. Mfezeko sou aanvanklik met die speelgoed speel, "maar ek het gou verveeld geraak".

"Dan begin ek dit uitmekaarhaal en probeer dit weer aanmekaarsit. Dit het ek oor en oor gedoen totdat ek dit regkry." >

Dit was iets wat sy pa, 'n motorwerktuigkundige wat lank reeds dood is, erg trots gemaak het.

"En dan die bokse self. Ek het dit gebruik om my eie speelgoed te maak – 'n kar of 'n huis of wat ook al." Die vreugde is hoorbaar in sy stem. Met 'n skaam laggie gee hy toe dat daardie skeppings "mooi" was; dalk reeds kunswerke in die kleine.

Versamel soos 'n miskruier

Mfezeko lyk self soos 'n kunswerk; van sy uitsonderlike hoede en kleurvolle hooftooisels tot besondere kledingstukke en bykomstighede. En, ja, hy maak die meeste self, of dit is die handewerk van drie familielede wat nou deel is van sy onderneming, Herugoon.

Hy het dié onderneming in 2017, reeds in sy tweede jaar as student in skone kunste aan die Durban-Universiteit van Tegnologie (DUT), op die been gebring in die hoop dat dit kan help om vir sy studies te betaal. Herugoon verkoop eiesoortige leerprodukte soos sakke, beursies en gordels, asook juweliersware.

Herugoon is 'n samestelling van "Heru go on". Heru is een van die name van die Egiptiese god Horus, wat uitgebeeld word as 'n mens met 'n valkkop. Hy was 'n god wat in die son kon kyk en 'n simbool van krag. En doer uit einste Flagstaff, waar hy by sy 60-jarige ma kuier, kom die kreet oor die foon: "Heeeeee-wu!" Dit is 'n Xhosa-woord wat gebruik word om iets groot mee te loof en die klank is soortgelyk aan "Heru". Dit speel ook in op die konsep van 'n held, iemand wat oorwin, verduidelik Mfezeko. Die valk beskou hy as sy geestesdier.

Met eweneens groot ontsag praat hy oor die miskruier, wat tekenend is van hoe hy te werk gaan. Dis einste "Qongqothwane" van een van Miriam Makeba se bekendste liedjies, algemeen bekend as "The Click Song". "Ek word geïnspireer deur die miskruier wat alles versamel en voortbeur. Dit is wat ek doen: Ek versamel goed wat relevant is tot ons lewe en gebruik dit in my kuns."

Simboliek in elke steek

Die inspirasie vir 'n kunswerk is deel van wie hy is en kom meestal uit drome, "maar dit is op 'n speelse manier". En soos die seuntjie van ouds gaan sit hy plat op die vloer wanneer hy begin skep. Werk hy met karton as sy "agterdoek", sal hy dit in ewe groot stukkies sny, elke

Onder: Isi Gqi Ki So Ku Phumla

"EK IS GEÏNSPIREER DEUR DIE MISKRUIER WAT ALLES VERSAMEL EN VOORTBEUR. DIT IS WAT EK DOEN, EK VERSAMEL GOED WAT RELEVANT IS TOT ONS LEWE EN GEBRUIK DIT IN MY KUNS."

stukkie kunstig bewerk en daarna hipernetjies aan mekaar vaswerk.

Werk hy met leer of valsleer ("sagter en baie makliker") begin hy met een groot stuk waarop hy eers teken; dan word die "merkers" presies geplaas waar daar gesny moet word. Uiteindelik word al die los stukke met hul onderskeie ontwerpe weer aan mekaar vasgewerk. Soms is dit baie harde (en herhalende) werk, maar vir hom is dit soos meditasie en deel van 'n proses van genesing.

Dit is juis in van dié leerkunswerke waar die simboliek van Heru ook deurskemer. Maar daar is ook 'n dieper, meer persoonlike simboliek daarin opgesluit wat verband hou met die inisiasieproses van jong Xhosa-mans. Plek-plek lyk dit of daar gedeeltes van die figuur se lyf verbind is, hetsy met lint of gare, en meestal kleurvol.

"Dit sê moenie bevrees wees nie, jou wonde sal verbind word. Dit sinspeel op die materiaal wat gebruik word om jou wond te verbind ná die litteken wat deur die besnydenis veroorsaak is."

Hy het al 'n eerste plek in die KZNSA-galery se jaarlikse ledekompetisie behaal, was in 2021 onder die top-100 in die jaarlikse Sasol Nuwe Handtekeninge-kunskompetisie en, ja, hy het by wyse van spreke al 'n paar deure oopgedwing.

Met die verteenwoordiging wat hy by die Art Eye-kunsgalery in Johannesburg kry, en die besef dat hy ernstig opgeneem word en aan tentoonstellings kan deelneem, gaan dit nou daaroor dat die tyd en geld nie verlore gaan nie, maar in iets tasbaar omgeskep word.

Intussen is dit vir hom heerlik om vir 'n wyle terug te wees in sy grootworddorp en onder die vlerk van sy trotse ma, wat hom in alles ondersteun. Hy lag ietwat skuldig: Ja, sy help met die naaldwerk aan sy kunswerke … En hy droom van 'n dag dat hy as installasiekuns 'n huis kan skep, *The Lighthouse*. Dit sal geen vuurtoring wees nie, maar 'n huis wat sy kreatiwiteit verteenwoordig; wat gevul is met lig. **T**

DEUR MARGUERITE ROBINSON
FOTO'S: VERSKAF

Onder: Ama Khwe Zi

Onder: Imba mbe Le lo